

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Keuringsriglyne vir nuweling studente: 2021-inname

Hierdie ses-bladsy dokument bevat 'n omvattende bespreking van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) se keuringsriglyne vir die inname van nuweling studente vir 2021. Dit word deur die volgende opsomming voorafgegaan:

Samevatting

1. Aansoeke sluit op **30 Junie 2020**. Maak asseblief seker dat alle stawende dokumente teen dié datum ingedien/opgelaai is. Doen elektronies aansoek by www.maties.com.
2. Jou finale gemiddeld vir graad 11 of graad 12 (Lewensoriëntering uitgesluit) vorm jou keuringspunt.
3. Vir die 2021-inname sal alle studente wat (op grond van hul punte vir graad 11 of, indien beskikbaar, vir graad 12) aan 'n program se minimum vereistes voldoen, onmiddellik voorwaardelik aanvaar word. Sien tabel 1 (op bladsy 4 en 5) vir uitsonderings, d.w.s. die programme waar formele keuring sal plaasvind.
4. Vir onmiddellike voorwaardelike aanvaarding sal ons jou eerste, tweede en derde keuses oorweeg.
5. Die Nasionale Normtoetse (NNT) se uitslae kan in spesiale omstandighede gebruik word as toelatingskriteria of om jou keuringspunt te bereken.
6. Uitslae van die Onafhanklike Eksamenraad (OER) en dié van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) word dieselfde hanteer. In die geval van ander nie-NSS-uitslae (d.w.s. vir Cambridge of ander buitelandse skoolstelsels), raadpleeg asseblief Universiteit Stellenbosch Internasionaal se webblad [www.sun.ac.za/international] vir meer besonderhede.

TERMINOLOGIE

- **Voorwaardelike aanvaarding:** Wanneer studente voorwaardelike aanvaarding ontvang op grond van hul graad 11-uitslae, beteken dit hulle word deur die fakulteit aanvaar op voorwaarde dat hulle ook in hul graad 12-jaar aan die vereistes voldoen.
- **Nuweling studente:** Studente wat vir die eerste keer by die Universiteit Stellenbosch registreer.
- **Inskrywings:** Aantal studente wat binne 'n gegewe tydperk registreer.
- **Inskrywingsmikpunte:** Die fakulteit se studentetal word beperk na gelang van beskikbare kapasiteit en hulpbronne. Teikens word gestel om die getal inskrywing te beperk en te verseker alle hulpbronne word doeltreffend benut.
- **Keuringsprogramme:** Studente word vir programme gekeur deur die departemente wat hierdie programme aanbied. Nie alle studente wat aan die minimum vereistes voldoen sal noodwendig gekeur word nie.
- **Hoofstroom:** Die fakulteit se gewone drie jaar lange graadprogramme.
- **Verlengde graadprogram (VGP):** Die curriculum van die 3-jaar BCom Bestuurswetenskappeprogram word oor vier jaar versprei en sluit bykomende ondersteuningsmodules in.

AANSOEKPROSEDURE

- Studente kan elektronies aansoek doen by www.maties.com.
- Alle aansoeke sluit op **30 Junie**. Teen dié datum moet studente se volledige en finale aansoek tesame met **alle** stawende dokumentasie ingedien wees.
- **Aansoeke** wat ná **30 Junie** ontvang word, sal **nie** aanvaar word nie.
- Onvolledige aansoeke wat teen 30 Junie ingedien word, sal nie oorweeg word nie.
- Aansoekers kan drie programkeuses aandui. As jy vir meer as een EBW-program aansoek doen, sal hierdie programme in die aansoeker se volgorde van voorkeur oorweeg word.
- Sou 'n aansoeker se primêre voorkeur 'n program in 'n ander fakulteit wees (bv. BIng) en daardie program is 'n amptelike keuringsprogram in die betrokke fakulteit, sal EBW die aansoeker se tweede programkeuse (bv. BRek) vir voorwaardelike aanvaarding oorweeg. Sodra die ander fakulteit jou vir jou eerste keuse aanvaar, kanselleer EBW jou voorwaardelike aanvaarding – sou jy byvoorbeeld vir Bing aanvaar word, verval jou aansoek vir BRek.

Keurings- en toelatingsbeginsels

Die volgende drie beginsels word toegepas vir keuring en voorwaardelike keuring: akademiese meriete, maksimum inskrywingsmikpunte (wat nie oorskry kan word nie) en diversiteitsmikpunte. In die geval van sommige programme (bv. die verlengde graadprogram), word bykomende sosio-ekonomiese faktore oorweeg.

Die totale getal nuweling eerstejaarstudente word op fakulteitsvlak bestuur. Daarby het die volgende programme maksimum mikpunte vir inskrywings: BRekLLB, BCom (Regsgeleerdheid), BCom (Internasionale Besigheid) en BCom (Bestuurswetenskappe) (VGP).

Voornemende studente word gekeur op grond van hul finale graad 11-punte, of hul graad 12-punte (indien beskikbaar). Voornemende studente moet voldoen aan die minimum vereistes van die programme waarvoor hulle aansoek doen. Raadpleeg asseblief die Kalender (Deel 10) vir hierdie vereistes. Aangesien die vereistes gereeld bygewerk word, moet voornemende aansoekers die fakulteit EBW se webtuiste (www.sun.ac.za/EBW) gereeld raadpleeg vir die jongste inligting.

Nie alle studente wat aan die minimum vereistes voldoen sal noodwendig keuring kry nie. 'n Voornemende student wat aan die minimum toetreevereistes voldoen, mag moontlik weens sy/haar onvoldoende keuringspunt nie toelating kry nie. Die proses waaraan keuringspunte en die keuring en toelating van aansoekers onderhewig is, is vir aansoekers wat die curriculum van die Onafhanklike Eksamenraad (OER) volg, presies dieselfde as vir dié wat die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen aflê.

Die keuringspunt is jou gemiddelde punt vir graad 11 (Lewensoriëntering uitgesluit). Waar 'n student meer as ses skoolvakke het, word die ses hoogste punte gebruik om die gemiddelde punt te bereken, mits Wiskunde en Engels of Afrikaans onder dié ses vakke is. In die geval van studente met minder as ses universiteitstoelatingsvakke, is die keuringspunt die gemiddeld van minstens vier vakke, mits Wiskunde en Engels of Afrikaans onder dié vier vakke is.

Die Nasionale Normtoetse (NNT) se uitslae word nie gebruik as toelatingskriteria of om jou keuringspunt te bereken as jy die graad 12-eksamen vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)

of van die Onafhanklike Eksamenraad (OER) aflê nie, maar kan gebruik word indien jy uit 'n ander skoolstelsel kom. Die Nasionale Normtoetse (NNT) se uitslae kan wel gebruik word om besluite te neem oor jou plasing in spesifieke programme (bv. die verlengde graadprogram).

Alle eerstejaar-aansoekers wat aan een of meer van die volgende kriteria voldoen, moet alle beskikbare NNT'e skryf:

- Aansoekers met 'n gemiddelde aansoekpunt (graad 11 of 12) van tussen 60% en 69% (Lewensoriëntering uitgesluit); en/of
- Aansoekers met 'n Wiskundepunt van tussen 50% en 59%; en/of
- Aansoekers wat aansoek doen vir programme met 'n fokus op Regsgeleerdheid, d.w.s. BCom (Regsgeleerdheid) en BRekLLB (omdat jou NNT-uitslae deel vorm van die toelatingsvereistes in dié programme); en/of
- Aansoekers wat tuisskoling ondergaan.

Keuringsproses

Vir onmiddellike voorwaardelike aanvaarding moet voornemende studente aan die volgende vereistes voldoen:

- Die voornemende student moet die vereiste keuringspunt vir die programme behaal, en
- aan die minimum vereistes voldoen van die programme waarvoor hy/sy aansoek gedoen het.

Studente wat aan albei vereistes hierbo voldoen, word as merietestudente beskou en sal nie aan verdere keuring onderwerp word nie. Die US sal ná ongeveer twee weke aan hulle bevestiging stuur dat hulle voorwaardelik aanvaar word.

Aan die volgende groepe aansoekers sal NIE onmiddellike voorwaardelike aanvaarding toegestaan word nie:

- voornemende studente met 'n keuringspunt laer as die gespesifiseerde punt in tabel 1;
- internasionale studente (van nie-Suid-Afrikaanse skole).

Hierdie aansoekers se aansoeke sal op 'n waglys geplaas word tot einde Junie, wanneer die eerste keuringsfase begin. Die hele proses sal op die laaste teen einde September afgehandel wees.

Die keuringspunt

Jou keuringspunt word soos volg bereken:

- Jou gemiddelde finale punt vir graad 11 (Lewensoriëntering uitgesluit) of jou gemiddelde finale punt vir graad 12 (indien beskikbaar) word bereken en hierdie gemiddelde punt vorm dan jou keuringspunt.
- As jy **meer as ses** vakke vir universiteitstoelating het
 - word jou *ses hoogste punte* vir die berekening van die gemiddelde punt gebruik en
 - moet *Wiskunde* en *óf Engels óf Afrikaans* onder dié ses vakke wees.
- As jy **minder as ses** universiteitstoelatingsvakke het
 - word *minstens vier* vakke se punte vir die berekening van die gemiddelde punt gebruik en
 - moet *Wiskunde* en *óf Engels óf Afrikaans* onder dié vier vakke wees.

Sien die tabel hieronder vir die keuringspunt wat vir 'n bepaalde program vereis word.

Program	Keuringspunt wat vir onmiddellike voorwaardelike aanvaarding vereis word
BCom BCom (Bestuurswetenskappe) BCom (Ekonomiese Wetenskappe) BCom (Bedryfsielkunde)	65
BCom (Wiskundige Wetenskappe)	70
BCom (Aktuariële Wetenskappe)	85 Aansoekers met 'n keuringspunt < 85 (gegrond op graad 11 of NSS graad 12 se uitslae) sal op grond van akademiese meriete gekeur word gegewe die getal plekke wat beskikbaar is.
BCom (Finansiële Rekeningkunde) BCom (Bestuursrekeningkunde)	65
BRekeningkunde	70

Program	Keuringspunt wat vir onmiddellike voorwaardelike aanvaarding vereis word
BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengde graadprogram (VGP)	Keuringsproses gegrond op akademiese meriete en sosio-ekonomiese status.
BCom (Internasionale Besigheid)	Keuringsproses gegrond op akademiese meriete en getal beskikbare plekke.
BRekLLB	Keuringsproses deur Regsfakulteit gedoen.
BCom (Regsgeleerdheid)	Keuringsproses deur Regsfakulteit gedoen.
Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid*	Keuringsproses intern deur die Skool vir Openbare Leierskap gedoen.
Diploma in Volhoubare Ontwikkeling *	Keuringsproses intern deur die Skool vir Openbare Leierskap gedoen.

Tabel 1: Keuringspunt vir onmiddellike voorwaardelike toelating en minimum vereistes per program

*** Die fakulteit sal studente teen nie later nie as einde September in kennis stel of hulle gekeur is al dan nie.**

BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengde Graadprogram (VGP)

Oorhoofse NSS gemiddeld van minstens 60%, Lewensoriëntering uitgesluit

Wiskunde 50%

Minimum taalvereistes van EBW vir toelating *

Voorkeur word gegee aan kandidate uit agtergestelde sosio-ekonomiese omstandighede wat aan die minimum toelatingsvereistes van die VGP voldoen, en toelating is aan die beskikbaarheid van plekke onderhewig.

Keuring vir die verlengde graadprogram

Jy sal vir die program BCom (Bestuurswetenskap) (VGP) oorweeg word indien jy aan die toelatingsvereistes vir die VGP voldoen. Voorkeur word gegee aan kandidate wat voldoen aan die vereistes van die Universiteit se toelatingsbeleid rakende sosio-ekonomiese status (SES) en die SES-vlak wat deur die fakulteit bepaal is. Die Universiteit bepaal alle aansoekers se SES-tellings en toelating is onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke.

-oOo-

VRYWARING: Neem asseblief kennis dat selfs al sou 'n voornemende student aan die minimum vereistes van 'n program voldoen, die aansoek om toelating van die hand gewys kan word omdat die program oorvolkskryf is.